higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

REGSPROSEDURES EN BEWYSREG
NKR VLAK 4

(8021004)

3 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

268Q1N2003

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 URE
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.

5 Gebruik slegs ’n swart of blou pen.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' Langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Die Handves van Regte kan ook gewysig word deur wetgewing wat deur 'n tweederdemeerderheid in die Parlement aangeneem word.

1.2 Vermoede van onskuld beteken onskuldig totdat die persoon behoorlik deur 'n hof skuldig bevind is.

1.3 Die beskuldigde moet in die hof wees om getuienis aan te voer en te betwis.

1.4 'n Lasbrief vir inhegtenisneming kan deur 'n landdros, regter, polisiebeampte of korrektiewe beampte uitgevoer word.

1.5 'n Petisie behels dat die beskuldigde aansoek doen by die Regter- President van die Hoë Hof wat jurisdiksie het, wanneer sy/haar aansoek om kondonasie, om verdere getuienis, of verlof tot appèl deur 'n laerhof geweier is.

1.6 Getuienis is bewys van 'n feit.

1.7 Ons reg erken VIER tipes privilegies.

1.8 Die persoon wat die inhegtenisneming uitvoer, moet op 'n geskikte tyd die gearresteerde persoon oor die rede vir die inhegtenisneming inlig.

1.9 Artikel 25 van die Strafproseswet gee aan die polisie bevoegdhede om persele te betree.

1.10 In die saak *Tiro* 1951 (3) SA 390 (T) het die hof bevind dat dit nie 'n oortreding was om te vlug as daar slegs 'n gevaar van inhegtenisneming was nie.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1-2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

Mokoa 1985(1) SA 350 (O); *Cyster* 1999(2) SASV (K); 43; 20; 67; kwasigeregtelike; strafprosesreg; drie; 4; rehabilitasie; onreëlmatigheid; integrasie; *Vezi* 1963(1) SA 9 (N)

2.1 Met betrekking tot Wet 51 van 1977 bepaal ... hoe die reg toegepas behoort te word sodra die staat van 'n misdryf bewus raak.

2.2 ... verskil van die normale, aanvaarde manier waarop dinge gedoen word.

2.3 ’n Lasbrief vir inhegtenisneming kan uitgereik word kragtens artikel ... van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977.

2.4 Artikel ... van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977, maak voorsiening dat die staat op sekere artikels beslag kan lê.

2.5 Om ’n oortreder te help om sy gedrag aan te pas ten einde weer in die samelewing in te pas, staan bekend as ...

2.6 Die hoë hof besit ’n hersieningsbevoegdheid ten opsigte van ... liggame.

2.7 Kragtens artikel ... van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, Wet 68 van 1995, is dit ’n oortreding om weerstand te bied teen ’n polisiebeampte in die uitoefening van sy bevoegdhede.

2.8 In die saak ... is bevind dat die beskuldigde ingelig moet word dat die saak in sy afwesigheid kan voortgaan en van die moontlike benadeling.

2.9 Artikels waarop beslag gelê kan word, word in ... klasse verdeel.

2.10 In ... het die hof beslis dat ’n appèl slegs ná skuldigbevinding aangeteken kan word.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies ’n beskrywing uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A-M) langs die vraagnommer (2.1.1-2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Selfinkriminerend	A	waar dobbelmasjiene in vermaaklikheids masjiene verander word
3.2	Aanvoer	B	onvoorwaardelike vrylating
3.3	Geslotekringtelevisie	C	’n polisiebeampte kan weier om tersaaklike vrae te beantwoord
3.4	Dringende sake	D	bevel om verrigtinge te vertraag, uit te stel of te staak
3.5	Visenteringslasbrief	E	om redes en voorbeelde as bewys of getuienis te gee
3.6	Volle kwytskelding	F	om ’n artikel in besit te neem
3.7	Artikel 202 van die Strafproseswet	G	gedrag wat beleefd en korrek is
3.8	Opskortingsbevel	H	om te impliseer dat jy self skuldig is, of om jou eie reputasie te beskadig
3.9	Geoorloofdheid	I	’n bevel deur ’n owerheid om na gespesifiseerde artikels by ’n gespesifiseerde adres te soek
3.10	Beslaglegging	J	in plaas van ’n kinderklaer wat in die hof verskyn
		K	’n wet wat ook prosedures vir deursoeking en beslaglegging voorskryf
		L	om na artikels te soek of grondig te ondersoek
		M	begenadiging

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Dokumentêre getuienis bestaan uit verklarings wat op skrif gestel is.

Verduidelik die reëls wat nagekom moet word sodat dokumente toelaatbaar beskou word. (3)

4.2 Bespreek die VIER faktore in artikel 60(8) van die Strafproseswet, Wet 51 van 1977, om aan te voer dat die beskuldigde die doelwitte of funksionering van die strafregspleging sal ondermyn of in gevaar sal stel. (7)

4.3 Met betrekking tot die beginsels van billikheid jeens die beskuldigde, noem VIER regte van die beskuldigde. (4)

4.4 In *Zinn* 1969(2) SA 537 (A) 540 het die hof beklemtoon dat daar drie belangrike oorwegings is wat in aanmerking geneem moet word wanneer 'n oortreder gestraf word. (6)

Bespreek hierdie DRIE oorwegings wat as die Zinn-triade bekend staan. **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae.

BESKULDIGDE GEVONNIS TOT TIEN JAAR GEVANGENISSTRAF WEENS DWELMHANDEL

MPUMALANGA – Die Evander-hof het Rethabile Chabedi (27) Dinsdag tot tien jaar gevangenisstraf gevonnis vir dwelmhandel. Dit volg op 'n deeglike Valke- ondersoek.

Chabedi en Chubuike Faithful Ani (47) is deur die Valke se Eenheid vir die ondersoek na Ernstige Georganiseerde Misdaad in hegtenis geneem, ná 'n wenk dat hulle dwelms in die omgewing van Embalenhle vervoer het. Die voertuig wat aan die beskrywing voldoen het, is voorgekeer en deurgesoek, en beslag is gelê op die dwelm metkatinoon, algemeen bekend as 'Kat', ter waarde van R250 000.

Die hof het bevind dat Ani onwettig in die land was en hy is 'n boete van R1 500,00 opgelê vir oortreding van die Immigrasiewet, maar hy is vrygespreek op ander aanklagte. Die Departement van Binnelandse Sake is beveel om Ani se deportasieproses te fasiliteer. Intussen is Chabedi ná 'n pleitooreenkoms beveel om gevangenisstraf van tien (10) jaar uit te dien.

Tydens vonnisoplegging het die landdros opgemerk dat dit vreemd was dat Chabedi skuld vir die dwelms aanvaar het, en daardeur die ander beskuldigde van blaam onthef het.

[Aangepas uit: *The SAPS Media*, 18 Julie 2019]

Kopiereg voorbehou

5.1 Noem en bespreek die artikel in die Strafproseswet wat aan ’n private persoon die reg verleen om iemand sonder ’n lasbrief in hegtenis te neem. (4)

5.2 Bespreek die beginsels met betrekking tot die betaling van boetes soos deur die howe bepaal. (6)

5.3 Noem die VIER faktore wat die hof moet oorweeg voordat daar op ’n geskikte vonnis besluit word. (4)

5.4 Noem die soort hof waarin ’n strafbare oortreding verhoor kan word. (1)
[15]

VRAAG 6

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae.

TAXIBESTUURDER IN POLISIEAANHOUDING WEENS BEWEERDE MOORD

’n Taxibestuurder van 61 jaar is in polisieaanhouding nadat hy na bewering ’n 36-jarige passasier by ’n plaaslike vulstasie in Thaba Nchu met ’n mes gesteek het.

’n Taxi het op 3 Julie 2019 teen ongeveer 19:20 van Bloemfontein by Thaba Nchu aangekom. Passasiers het uit die taxi geklim en een passasier het sy kleingeld van die taxibestuurder geëis. Na bewering het ’n bakleiery tussen die bestuurder en passasier ontstaan. Die taxibestuurder het ’n mes uit die taxi geneem. Volgens getuies het hy na die passasier gegaan wat kleingeld gevra het en hom in die bors gesteek.

Daarna het die taxibestuurder na die polisiekantoor gery en die saak aangemeld. Die polisie het na die misdaadtoneel gegaan en die oorledene aangetref waar hy op die grond gelê het. Nood- mediese dienste is ontbied. By hul aankoms het hulle die swart man dood verklaar. ’n Moordsaak is vir ondersoek geopen. Die taxibestuurder sal na verwagting binnekort voor die Thaba Nchu-landdroshof verskyn.

Luitenant-generaal Moeketsi Sempe, die Vrystaatse Provinsiale Polisiekommissaris, het by taxibestuurders en passasiers gepleit om sulke gewelddadige gedrag, wat tot lewensverlies kan lei, te vermy en hul verskille vriendskaplik op te los.

[Aangepas uit: *The SAPS Media,* 4 Julie 2019]

6.1 Bespreek die prosedures ná inhegtenisneming. (7)

6.2 Verduidelik die 48-uur-prosedure. (5)

6.3 Beskryf ’n bekentenis na aanleiding van die saak *Becker* 1929 AD. (3)
[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 7

7.1 Verduidelik die regte van almal wat aangehou word, insluitend elke gevangene wat ingevolge artikel 35(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, gevonnis word, deur voorbeelde te gee. (10)

7.2 'Dit is 'n grondbeginsel van die Strafprosesreg en die gemene reg dat 'n beskuldigde persoon by sy/haar verhoor teenwoordig moet wees.'

Noem DRIE omstandighede kragtens artikel 159 van die Strafproseswet ingevolge waarvan 'n beskuldigde se afwesigheid geregverdig is. (3)

7.3 Noem ENIGE TWEE redes vir appèl vanaf laer howe. (2)

7.4 Artikel 35(1)(f) van die Grondwet bepaal soos volg: 'Elkeen wat weens 'n beweerde oortreding gearresteer word, het die reg om, behoudens redelike voorwaardes, uit aanhouding vrygelaat te word indien die belang van geregtigheid dit toelaat.'

Noem die oorwegings wat die hof in aanmerking neem om oor die toestaan van borgtog te besluit. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou